# GEMEENTEBULLETIN

11 tot 18 Augustus 2023

navrae@stellenberg.co.za | 021 976 4519 (Kantoorure: 08:00 tot 14:00)

WhatsApp-boodskappe:  081 045 2428



## Sondag 13 Augustus 2023

**Eredienste ook aanlyn op www.stellenberg.co.za of op  YouTube.**

**1 Konings 19:9-18 |  Wat verwag ons van God vir die hede?**

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (2)

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (9)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Aanddiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Van der Merwe

.

**Annibrand Junior en Senior (Kategese) en Kleuterkerk**

Kleuterkerk om 09:00 in die grootsaal.  Annibrand Junior ontmoet na afloop van die oggenddienste in die volgende lokale:
Graad 1-3: Kleinsaal
Graad 4-6: Grootsaal
Graad 7: Jeuglokaal

Annibrand Senior verdeel na afloop van die aanddiens in kleingroepe.

---

## Aanddiens vir Vrouedag

Ds. Scherlize van der Merwe, leraar van Ysterplaat-gemeente lei die aanddiens met spesiale fokus op die afgelope Vrouedag.

---

## Deuroffer

Stellenbergkosprojek.  Die kosprojek ondersteun verskeie gesinne en individue wat kosnood beleef, asook welsynsorganisasies wat mense in nood help en sopkombuise.

---



## Doop Sondag 13 Augustus

**By die meditatiewe diens:**
Anruné en Stefan Weyers laat doop vir Janz Weyers.

---




## Graad-1-tot-3-kamp

Datum: 18-19 Augustus 2023
Plek: Salekompleks, Stellenberg-gemeente

Tema: Ontdek die skat!

Die jongspan gaan ontdek dat daar wonderlike skatte in die Bybel is en uitvind wie die seerowers is wat hulle wil verhoed om die skatte te vind.

Koste: R180 per kind

Inskrywings vir KINDERS: Klik hier

Inskrywings vir LEIERS: Klik hier

---

Stellenberg AnniBrand

## Belydeniskamp | 1 tot 2 September

Die graad 11-belydeniskamp word in twee dele aangebied. In graad 11 hou ons 'n kamp by die kerk waar ons die belydenisreis begin, en dan in graad 12 voltooi ons hierdie reis met die naweekbelydeniskamp vanaf 1 tot 2 September. Die twee kampe is verskillend van mekaar en ons moedig ons belydenisklas aan om beide by te woon.

Koste: R150 p.p. – sluit alle etes in.
Inskrywings sluit: Maandag 28 Augustus

Inskrywings is aanlyn, volg die skakel



## Annibrand Senior-pelgrimstog

Die geleentheid word saam met ons Klipheuwelvriende aangepak. Met die pelgrimstog wil ons onsself vir 'n paar dae afsonder, om nader aan mekaar en die Here te beweeg.  Jy moet met die regte ingesteldheid kom en bereid wees om nuwe vriende te maak. Daarom moet jy ook 'n motivering skryf oor hoekom jy wil deelneem.  Om die roete te voltooi, moet jy "medium" op die fiksheidskaal wees.  Ons stap rustig en ondersteun mekaar deurlopend.

Inskrywings KLIK HIER
Datum: 2 tot 6 Oktober.  Inskrywings sluit: 18 September 2023.

---

## Annibrand Senior-nuus

Die Annibrand-nuusblad vir die derde kwartaal is op ons webwerf.  KLIK HIER om belangrike inligting oor ons senior jeugbediening te lees.

---



### Breigroep

Die breigroep ontmoet op Maandag 11 September  om 09:30 in die  markplein.
Die breigroep is afhanklik van wolskenkings en enige bydraes van bruikbare afvalwol sal baie waardeer word. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word, of in die mandjies in die voorportaal van die kerk geplaas word.

---

### Omgeetrust-wynveiling | 13 Sept.

Die omgeetrust ondersteun verskeie projekte wat dienste aan minderbevoorregte kinders en bejaardes lewer.  Die trust bied op 13 September om 18:30 'n wynveiling in die kleinsaal aan.  Kaartjies teen R250 per persoon sluit



aandete, wyn, nagereg asook 'n wynproe saam met Fryer's Cove-kelder in.  Jan Ponk van Zyl tree as spreker op.

Stuur asseblief 'n e-pos aan feesmark@stellenberg.co.za indien jy graag die gesellige fondsinsamelingsgeleentheid wil bywoon.

---




## Gemeentekamp 1 tot 3 Desember

Sluit aan by die jaarlikse gemeentekamp by die Goudmyn-kampeerterrein langs die Breëriver in Robertson. Daar is net 20 kampeerplekke beskikbaar, so bespreek jou staanplek so gou moontlik.

Koste vir die hele naweek: R1 250 per staanplek met maksimum 6 persone en twee voertuie per staanplek.

Bespreek by: Zilé by zile@marinedynamicstravel.com

---



## Augustus is barmhartigheidsmaand

Kosnood bly deurgaans 'n uitdaging en daarom wil ons as gemeente graag aan mense wat voedselnood beleef, praktiese hulp in dié verband verleen.

**Hoe kan jy help?**

- Neem 'n inkopiesak by die kerk se deur en vul dit met die voorgestelde kositems, soos aangedui op die lysie in die sak.  Gee die gevulde sak by die kerkkantoor af, of laat dit in die mandjies in die voorportaal van die kerk sodat ons dit onder verskillende gesinne in nood kan versprei.

- Jy kan ook die lys met voorgestelde kositems HIER aflaai en die items by die kerkkantoor afgee, of in die voorportaal van die kerk in die wit mandjies laat.

---

## Baie dankie

Ons wil graag ons opregte dank aan lidmate wat die kosprojek ondersteun, oordra.  Ons het groot waardering vir die bydraes van niebederfbare produkte asook donasies wat ons die afgelope




maand ontvang het.

## Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.



## Seniorweek

Ons wil graag alle seniors in die gemeente uitnooi om die volgende datums in hul dagboeke aan te teken.

3 September: Oggenddiens met koek en tee na die diens.  Ons nooi almal om 'n hoed te dra wanneer hulle die erediens bywoon.

4 September: Dr. Stephan le Roux, lewenstylkonsultant, gesels oor algemene gesondheid.
5 September: Lenteontbyt met 'n toneelopvoering.

## Finansiële bydraes

Baie dankie vir jou finansiële bydrae wat dit vir ons moontlik maak om voort te gaan met die gemeente se werksaamhede.

- Gebruik gerus die SnapScan-toepassing om jou bydrae te maak.

- Elektroniese  bydraes na: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

- Kontantbydraes: Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.



## Elektroniese kommunikasie

- **Op jou rekenaar:**
  Jy kan die bulletin en Stellenberger per e-pos ontvang.  Stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za.
- **Op jou selfoon:**
  Skandeer enige van die QR-kodes met jou slimfoon se kamera om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang.

Gemeente se WhatsApp-groepe - Klik hier om aan te sluit

Stellenberg AnniBrand Junior


Annibrand Junior: Klik hier om aan te sluit

Annibrand Senior: Klik hier om aan te sluit

## Stellenberg Terapiesentrum

Die sentrum bied terapie, berading en  mediasiedienste deur professionele persone aan.  Spraak- en arbeidsterapeute, asook ’n besigheids- en lewensafrigter se dienste is beskikbaar. Maak gerus ’n afspraak by 021 976 4519  (09:00 tot 13:00), of  stuur ’n  e-pos na therapy@stellenberg.co.za.
Na-ure skakel 083 519 0602.

Stellenberg TERAPIE Sentrum



## Nasionale Instituut vir Dowes bied aan:

**Van treurkoeklikheid tot triomfantelikheid.**

Kom sit aan by ’n oggend van sielskos, skaterlag en vrouevreugde.  Saterdag 9 September om 10:00 by Stellenberg-gemeente.  Kaartjies @ R150 per persoon te koop by relations.fr@nid.org.za

| | |
|---|---|
| h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan \| Eversdal, Wes-Kaap 7550 ZA | WhatsApp<br>081 045 2428<br><br>Kerkkantoor<br>021 976 4519<br><br>www.stellenberg.co.za |

Manage your preferences | Opt out using TrueRemove™
Got this as a forward? Sign up to receive our future emails.

View this email **online**.

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan
Eversdal, Wes-Kaap | 7550 ZA

This email was sent to .
*To continue receiving our emails, add us to your address book.*

Subscribe to our email list.